

**27 OKTOBER**

**SKRIFGEDEELTE: MATTEUS 21:12-17**  
**FOKUSGEDEELTE: MATTEUS 21:12-13**

### **Voorspel van God se oordeel**

Vóór God sy oordeel oor die sonde voltrek – op sy eie Seun, ons Here - kom die eerste dreuning neer op dié wat van sy huis 'n rowersnes gemaak het. Eers moet die misbruikers van die tempel van God die vóórgolwe van sy oordeel ervaar. Jesus het hulle geldtafels omgekeer en hulle onkeerbaar uitgejaag. Hulle het God se huis vir hulleself ingepalm, sy heiligdom gebruik om hulle eie belange te dien. Hier word die sonde van die mens ten diepste uitgewys as opstand teen God: om jouself in sy plek, as heerser oor sy huis te stel – ter wille van eie, tydelike voordeel!

Jesus het gekom om radikaal nuut te maak. Hy doen geen lapwerk nie. Wat oud en nutteloos geword het, breek Hy af om iets nuuts in die plek daarvan te stel. Wat Hy hier doen, is 'n voorspel tot die totale vernietiging van die tempel, wat in 70 n.C. 'n verskriklike werklikheid onder die Romeinse generaal Titus geword het. Daardie tempel het Hy nooit weer laat herbou nie. Wat deur die mens besoedel is, maak Hy radikaal anders-nuut. Daar het 'n nuwe tempel gekom, een wat Hy met lewende stene bou (Ef. 2:20-22) en grootser, heerliker as enige tempel wat met mensehande gebou kan word. Daarmee het Hy reeds begin deur blindes en kreupeles gesond te maak – waaroor die kinders in die tempel aanhou uitroep het: "Prys die Seun van Dawid!" Wat vir die grootmense met hulle gerigtheid op hulle eie belange verborge gebly het, het voor die oë van die kinders oopgegaan as 'n wonder om 'n lied oor te sing!

Twee dinge is hieruit duidelik: Hy maak nuut – deur die oue tot op die grond af te breek. Hy herstel fundamenteel, van die fundamente af! So doen Hy met ons lewe: Hy vra radikale verandering, fundamentele vernuwing. Tweedens leer Hy ons om nie ons hande uit te steek na wat aan Hom behoort nie. Ons moet met eerbied en met ontsag met heilige dinge omgaan, ook met ons lewe – wat aan Hom behoort!

*Sing: Skrifberyming 1-1:2, 5-7*

*Dr Neels Smit (Noordbrug)*